

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 20: Tetzaveh (תצוה): Gee Opdrag**

*Jy moet die kinders van Yisra 'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 27:20 tot 30:10.

**Haftorah:** Eseg. 43:10 en 11.

**Nuwe Verbond:** Joh. 1:29; Rom. 12:1; 1 Kor. 15:31; Heb. 5:1 tot 10; 7:26 en 27; Heb 12:14; Heb. 13:10 tot 17; 1 Pet. 1:15, 16 en 19; Open. 5:8 tot 10; Open. 8:3 en 4.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 20 wat afgelaai kan word by: [Parashah20Notas14](#) of by [Parashah20Notas15](#).

*A world of nice people, content in their own niceness, looking no further, turned away from God, would be just as desperately in need of salvation as a miserable world – and might be even more difficult to save – C.S. Lewis*

*I am not the author of the plan of salvation, but I am responsible for the way I preach it –  
Billy Sunday*

## **Torah Bespreking**

### **Hartsake!**

Parashah 19 (*Terumah* – Bydrae) begin met die woorde: *Sê aan die kinders van Israel... Elkeen wie se hart hom aandrywe....(Ex. 25:2)*. Die bou van die tabernakel was dus 'n hartsaak van elke individu en korporatief van die hele volk. So ook is die 'bou' van jou

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch) of kontak vir Gerrie Coetsee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com)

liggaam as tabernakel – as ‘n woning van die Afgesonderde Gees – ook ‘n hartsaak! En so ook moet die ‘bou’ van die gemeente as die liggaam van Yeshua eweneens ‘n hartsaak wees.

Gemotiveerd deur liefde vir Vader-God moet elkeen met ‘n vrywillige gesindheid ‘n bydrae lewer om sy liggaam ‘n tabernakel (Hebreeus: *mishkan*) van die Afgesonderde Gees te maak. Let daarop dat die verantwoordelikheid by elke individu berus om volgens hartsbegeerte ‘n vrywillige bydrae te maak. Paulus verduidelik dit soos volg:

*My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.*

Rom. 12:1 en 2.

Die vrywillige bydrae wat elkeen lewer is om sy liggaam beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir God en, tweedens, om ‘n vernuwing van denke te ondergaan. Indien ons hierdie twee dinge doen sal ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Dan sal ons elkeen ‘n lewende steen word in die ware tempel van YHVH.

*Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ‘n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.*

Ons is nou kinders van die familie van YHVH wat opgebou word op die fondasie van die apostels (afgevaardigdes) en die profete met Yeshua wat self die hoeksteen is. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ‘n afgesonderde tempel in eenheid met YHVH en ‘n woning van die Gees van Afsondering!

*Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.*

*Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.*

*In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ‘n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה*

*terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ‘n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19 tot 22*

As koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) volgens die orde van Melgisédek is ons aangestel oor die huis van YHVH. Ons Ewige Hoofpriester is Yeshua aan wie die hele huis van YHVH toevertrou is.

*Moshe was as ‘n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word, maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou. Heb. 3:5 en 6.*

Moses was as dienskneg van YHVH oor die huis van Israel aangestel en hy het getuig van die groter heerlikheid wat sou kom. Yeshua is egter as Seun van YHVH aangestel oor die hele huis van Israel, naamlik almal wat vertrou in Yeshua as die Messias en na Sy stem (Sy onderrig en instruksies) luister. Daarom het Moses gesê:

*יהוה, jou God, sal ‘n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister*

*volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.'*

*יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.'*

*Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel.*

*Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie, maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. Deut. 18:15 tot 20.*

As dienskneg het Moses geen gesag gehad om YHVH se Torah te verander nie, want 'n dienskneg is slegs in die diens van sy meester. 'n Dienskneg is nie 'n erfgenaam nie en mag nie beheer oorneem oor die sake van sy meester nie. As Seun van YHVH is Yeshua egter die erfgenaam van Sy Vader en word met al die sake van Sy Vader vertrou asof dit Sy eie is. Daarom kon daar in en deur Yeshua 'n wysiging aan die Torah van Moses aangebring word soos die brief aan die Hebreërs dit duidelik stel:

*Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls. Heb. 7:12.*

Volgens die brief aan die Hebreërs, veral hoofstuk 7, is dit baie duidelik dat die Levitiese priesterorde vervang is met die herstelde priesterorde van Melgisédék. Daar het 'n verandering in die Torah soos dit aan Moses gegee is, plaasgevind!

Selfs die Levitiese priesterorde het erkenning gegee aan die groter heerlijkheid van die Melgisédekorde:

***Hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, het 'n opdrag om, volgens die geskrewe wet, van die mense tiendes te neem, van hulle broers, alhoewel hulle ook die nageslag van Avraham is,***

***maar hy wat nie in hulle geslagsregister opgeskryf is nie, het van Avraham tiendes ontvang en die een, wat die belofte ontvang het, geseën.***

***Sonder enige teëspraak is dit die mindere wat deur die meerdere geseën word.***

*Hier ontvang sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie die Skrifte getuig dat hy lewe.*

***Om dit so te stel: Levi, wat tiendes ontvang, het deur Avraham tiendes gegee, want hy was nog in die liggaam van sy vader toe hy Malki-Tzedek ontmoet het.***

*Heb. 7:5 tot 10.*

Gehoorsaamheid aan alles wat Yeshua ons geleer het, en aan dit wat gevolg het op die folterdood en opstanding van Messias, is 'n hartsaak. Dit is soos 'n bruid wat uit liefde vrywillig onder die beskerming van haar bruidegom staan om hom te volg en sy hulp te wees. Die Torah van Yeshua is nie 'n kontrolelys van moets en moenies nie. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH soos in Yeshua vervul is net die dooie letter van die wet wees!!

## **Bepeins of Bespreek**

1. Die verskil in die Torah van Moses en die Torah van Yeshua is te vinde in die verskil in die priesterorde en dit wat gepaardgaan met die taak van die priesters. Daarom was die tabernakel met sy Levitiese priesterorde en offerandes slegs 'n sinnebeeld van die

toekomstige herstel van die Melgisédék priesterorde soos wat met die sterwe en opstanding van Yeshua vervul is. Die fisiese het heengewys na, en was 'n afbeelding van die groter geestelike waarheid en heerlijkheid van die nuwe verbond. Sien dit in die lig van ondermeer die volgende teksverse:

*maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:6.*

*Nie dat ons uit onself genoeg is om enige iets van onself te dink nie, maar ons krag is uit God, wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe. 2 Kor. 3:5 en 6*

Die klem is nie meer op die fisiese doen van Torah nie, maar wel op die geestelike toepassing van dit wat die fisiese 'n skadubeeld van was<sup>2</sup>. Die Nuwe en Lewende Weg is **nie** om die Torah van Moses te hou nie, want dit is sedert die Folterpaal vervang deur die Torah van Yeshua Messias. Die verskil is dat ons uit dit wat fisies gedoen moes word, moet leer hoe om dit geestelik toe te pas.

*want dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Julle het nie 'n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die Gees van aanstelling as kinders ontvang, deur Wie ons uitroep: "Vader, ons Vader! Rom. 8:14 en 15.*

Dit is dus nou vir ons belangrik om die Torah van YHVH uit te leef soos dit in Yeshua Messias vervul is. Dit kan net gedoen word in die krag van die Afgesonderde Gees van YHVH. Daarom lees ons in Hebreërs 7:11 dat daar geen volmaaktheid deur die Levitiese priesterskap was nie. Maar nou dat die volmaakte in Yeshua gekom het, is ons nie meer onder die Levitiese priesterskap nie!

2. Heb. 7:11 sê duidelik dat daar nie volkomendheid (volmaaktheid) deur die Levitiese priesterskap was nie! Waarom sal YHVH dan dit wat nie volmaaktheid kon bewerkstellig nie, weer instel?
3. Norman Willis ([www.nazareneisrael.com](http://www.nazareneisrael.com)) skryf in sy artikel: 'Acts 15 and Accountability' die volgende:

*As we explain in Nazarene Israel, Yeshua came to overthrow the corrupt rabbinical order, and replace it with a renewed order of Melchizedek. That is why it was that in Acts 15, the apostles confirmed that rabbinic tradition has no place in the Melchizedekian order. The apostles decided that the new converts could enter into the assembly environment if they would agree to abstain from the four things the Torah says will get you cut off from the nation (idolatry, sexual immorality, strangled [or unclean] meat, and consuming blood).*

*Acts 15:19-21*

*19 Therefore I judge that we should not trouble those from among the Gentiles who are (re-) turning to Elohim, 20 but that we write to them to abstain from things polluted by idols, from sexual immorality, from things strangled, and from blood. 21*

<sup>2</sup> Die artikel van Andrew Makin: 'Fisiese en Geestelike Torah' word aanbeveel en kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [FisieseEnGeestelikeTorah](http://FisieseEnGeestelikeTorah)

*For Moshe has had throughout many generations those who preach him in every city, being read in the synagogues every Sabbath."*

*But notice that once the new converts agreed to abstain from these four defilements, then they were allowed to enter into an accountability (tithing) relationship with the assembly leader. (Judaism has always had mandatory tithing.) This is what Shaul calls each part "doing its share."*

*Ephesians 4:16*

*16 from whom the whole body, joined and knit together by what every joint supplies, according to the effective working by which every part does its share, causes growth of the body for the edifying of itself in love.*

*No matter whether we are talking about a human body, a tree, or any kind of organization, any living organism must exchange fluids. Unless there is some kind of fair exchange between the parts, there is no life. That is to say, without an accountability relationship between the parts, the parts are dead. He who has ears, let him hear.*

4. Volgens die wyse wat die gemeente van Handeling, en elke gemeente wat hulle gevestig het, as liggaam gefunksioneer het, is dit baie duidelik dat die Levitiese priesterorde verby was. Elkeen wat deel word van die gemeente (die liggaam van Yeshua) het in 'n aanspreeklikheidsverhouding met die leierskap en die gemeente gestaan – geestelik, sedelik en finansieel! Daar was nie meer sprake van die gee van tiendes aan die Tempel nie. Onthou ook die woorde van Yeshua toe Hy die skrifgeleerdes en die Fariseërs berispe het: *Let op, julle huis word verlaat en vir julle woens gelaat* (Matt. 23:38). Volgens die taalgebruik is dit duidelik dat dit reeds op daardie tydstip besig was om te gebeur dat YHVH Sy teenwoordigheid van die tempel af onttrek. Soos Abraham gee ons nou tiendes aan Melgisédek vir die bou en instandhouding van YHVH se tempel – die koninkryk – wat nie die handewerk van mense is nie.

*maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie. Heb. 9:11*

*want Die Gesalfde Een het nie ingegaan in 'n Afgesonderde Plek met hande gemaak, 'n bloudrukplan van die ware een, nie, maar in die hemel self waar Hy in die Teenwoordigheid van God namens ons verskyn; ook nie om Homself gereeld te offer, soos wat die hoofpriester elke jaar in die Mees Afgesonderde ingegaan het met bloed wat nie sy eie was nie, want dan moes Hy gereeld gely het, van die begin van die wêreld af, maar nou het Hy een maal tydens die einde van die tye Homself geoffer, om die sonde deur Sy offer te vernietig. Heb. 9:24 tot 26.*

Dit is so belangrik om te verstaan dat Yeshua as die ware en ewige Hoofpriester nie met sy eie bloed in die aardse tempel ingegaan het om versoening te doen nie, maar in die ware tempel van YHVH. Dit opsigself is genoeg rede om te besef dat die Levitiese priesterorde beëindig was en dat YHVH die tempel in Jerusalem verlaat het en dit woens gelaat het!

5. Watter ander getuienis is daar dat die Levitiese priesterskap tot 'n einde gekom het en deur die Melgisédek priesterskap vervang is? Lees Hand. 7:48 en 49, asook Matt. 27:51.



### Ex. 27:20 – ‘n Priesterorde van uitgestampte olyfolie.

*Jy moet die kinders van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20.*

Die koninklike priesterdom van die Melgisédekorde is die uitgestampte olyfolie wat ons na YHVH Yeshua bring sodat die vlam van die Afgesonderde Gees dit aan die brand kan steek sodat ons die lig (die goue kandelaar; die menora) in 'n donker wêreld kan wees.

*Julle is lig vir die wêreld. 'n Dorp wat bo-op 'n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie. Hulle steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n mandjie nie, maar op 'n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee. Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. Matt. 5:14 tot 16*

Let daarop dat die hele Israel verantwoordelik is vir die bring van die suiwer uitgestampte olyfolie, en nie net 'n uitgesoekte groepie van Israel nie! Elke priester van die Melgisédekorde is dus verantwoordelik om uitgestampte olyfolie te wees!

Ons kan slegs uitgestampte olyfolie wees indien ons deel is van die olyfboom wat Israel simboliseer (Romeine hoofstuk 11). As wilde olyftak word ons ingeënt op die mak olyfboom en kry sodoende deel aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom wat YHVH simboliseer (Rom. 11:17). Elke olyftak groei uit die stam van die olyfboom wat die Lewende Torah (Yeshua) verteenwoordig en wat deur die wortel (YHVH) gevoed word. Op die wyse bring elke tak, naamlik elke gelowige in Yeshua olywe (vrug) voort deur gehoorsaamheid aan alles wat Yeshua ons geleer het. Dit lewer 'n olyfoes wat tot suiwer uitgestampte olyfolie verwerk kan word.

Olywe word ge-oes, gewas, gemaal en gepers, waarna die water en olie van mekaar geskei word en die olyfolie nog verdere suiwering ondergaan. Ons is dus die olyfoes wat deur die Afgesonderde Gees gewas, gemaal en gepers word tot suiwer olyfolie. Dit is hierdie olie wat deur die vuur van die Afgesonderde Gees aan die brand gesteeek word om lig in die wêreld te wees.

*Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit en hulle is almal volgemaak met die Gees van Afsondering en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat. Hand. 2:3 en 4.*

Die goue kandelaar het daaglikse versorging nodig gehad. Dit moes nie net van 'vars' olie voorsien word nie, maar die pit van elke lamp moes ook gereeld gesny word ten einde te verseker dat die lamp helder brand. Ons ontberinge, vervolging en lyding is dikwels die wyse waarop ons lamp versorg word sodat die Lig van Yeshua in en deur ons helderder kan skyn en ons Sy heerlikheid toenemend deelagtig kan word.

*As gevolg hiervan maak dit ons nie moeg nie, selfs as ons uiterlike liggaam vernietig word; daarenteen word die innerlike dag ná dag nuut gemaak, want terwyl die huidige lyding lig en van korte duur is, berei dit vir ons 'n groot en grenslose eer en lof vir 'n tydlose ewigheid voor.*

*Ons verheug ons nie in die sigbare dinge nie, maar in die onsigbare, want die sigbare dinge is vir 'n tyd, maar die onsigbare is ewig. 2 Kor. 4:16 tot 18.*

Op ons pad na die ‘beloofde land’ sal ons beproewinge (toetsinge) in verskillende vorme teenkom, naamlik vervolging ter wille van die waarheid:

*Julle vir wie ek lief is, verbaas julle nie oor die toetsinge wat oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie, want dit is tot julle toetsing, maar verheug julle daarin dat julle deel aan die lyding van Die Gesalfde Een, want net so sal julle jul ook verheug in die openbaring van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en spring van vreugde. 1 Pet. 4:12 en 13.*

*Almal wat kies om in die aanbidding van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een te leef, word vervolg. 2 Tim. 3:12*

Maar op ons wildernistog in hierdie wêreld sal ons ook beproef word deur siekte, hartseer, versoekinge, bindinge, verslawing, ensovoorts – alles dinge wat oorwin moet word. Elke oorwinning sal `n verheerliking van Yeshua wees en sal ons deel maak van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid. Oorwinning oor hierdie dinge bevorder vertroue in Vader-YHVH en sal ons lig soveel helderder laat skyn, want ons sal soos suiwer uitgestampte olyfolie `n helder lig in `n donker wêreld wees! `n Melgisedek priesterdom van suiwer uitgestampte olyfolie!

*Die God van onverdiende guns, wat ons geroep het tot Sy ewige Gemanifesteerde Teenwoordigheid deur Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat vir ons gee terwyl ons hierdie klein bietjie smart vir `n kort tydjie ly, om bekragtig, bevestig en vas te word in Hom tot in ewigheid; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die krag vir `n tydlose ewigheid! Dit is waar. 1 Pet. 5:10 en 11.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. `n Ander belangrike eienskap van olie is dat dit nie met water meng nie. Wanneer olie met ander nie-olie-vloeistowwe gemeng word, sal die olie spoedig van die ander vloeistowwe skei en altyd na die oppervlak beweeg. Daarom moet ons as suiwer uitgestampte olyfolie nie meng nie, maar ons moet skei (afsonder) van dit wat ons wil besoedel.
2. So ook moet ons nie besoedel raak met vreemde olie nie! Is Satan nie ook die voorsiener van onsuiver olie nie – olie wat in voorkoms soos olyfolie lyk?

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom!  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*